Sing vooraf staande: Psalm 146:8 (p. 701)

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 23:3 (p. 107)

3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Geloofsbelydenis: Nicea
Na die wet sing ons Psalm 101:1, 4, 6 (p. 496)
Wet
Psalm 101:1, 4, 6 (p. 496)

1 'k Wil in my lied van reg en goedheid sing / en U daarvoor my hoogste hulde bring.
Opregtheid sal ek, Heer, bo alles ag, / en U verwag.

4 My oog sal wees op wie opreg en trou / die regte spoor van Gods bevel wil hou;
hy is my vriend en dienaar wat wil gaan / my agteraan.

6 My ywer sal met 'n gestrenge hand / die bose daagliks uitdelg uit die land,
sodat die Godstad welbewaak en vry / van onreg bly.

Gebed.

- Doksologie:
- Aanbidding:
- Skuldbelydenis:
- Vergifnis:
- Dank:
- Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:
- Algemene bede:
- Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:

Amen.

Psalm 36:2 (p. 179)

2 U goedheid, Heer, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Skriflesing: 1 Kronieke 17
Teks: 1 Kronieke 17:10c
Daarom gee ek jou te kenne dat die Here vir jou 'n huis sal stig. (1 Kronieke 17:10c AFR1953)

Verkeerde lewenswaardes kan maak dat ons ook verkeerde waardes aanlê wanneer ons die Here aanbid. Tog is dit ook so dat die Here se genade so groot is dat Hy ons ook daarin genade gee, en ons tot bekering bring.

Ons kyk na hierdie saak uit twee rigtings:
1. Dawid se fout
2. Was alles daarmee verlore?

1. Dawid se fout
In hierdie tyd het Israel ’n ruk lank in vrede gelewe met die volke rondom hulle. Dit het Dawid kans gegee om aan die interne dinge wat sy volk raak, aandag te gee.

- So het dit gebeur dat hy op ’n dag opgelet het dat hy uiterlik meer luukse om homself bymekaargemaak het as wat daar rondom die ark van die Here was.
- Hy het byvoorbeeld in ’n sederhouthuis gewoon – wat vir daardie tyd baie luuks was – terwyl die ark van die Here steeds in ’n tent gestaan het.

Volgens die antwoord wat die Here deur Natan aan Dawid gee, blyk dit dat Dawid die saak van die eer van die Here heeltemal veruiterlik het.

- Godsdiens het in ’n sekere sin vir hom in vertoon verval, daarom was die uiterlike verskil tussen sy huis en die Here se blyplek die ding wat hom opgeval en gekwel het.
- Die motief vir die tempelbouery moes eintlik iets anders gewees het.
    - Vir Salomo was die motief dat hy die heiligheid van die Here onder sy volk wou vestig.
    - Daar het dit gegaan oor die inwoning van die Here onder sy volk.

Dawid is met hierdie nuwe gedagte van hom (dat hy wil tempelbou) dadelik na die profeet Natan toe. Hier gebeur die tweede fout.

- Natan heg dadelik sy goedkeuring aan die saak, terwyl dit nie is hoe ’n profeet die saak behoort te benader nie.
- Hy moes eers die Here geraadpleeg het om te hoor of die Here daarmee tevrede is.

Daarom gryp die Here die nag daarna self in.

- Op die een of ander wyse openbaar Hy aan Natan dat Dawid nie vir Hom ’n tempel mag bou nie.
- Vir Natan self was dit sekerlik ’n taamlike verleentheid om te moes teruggaan na die koning toe om alles wat hy die vorige dag goedgestaan het, terug te trek.

Die feit dat dit vir Natan moeilik was, word uitgedruk deur die woorde in vers 4 waar hy moes gaan sê: So sê die Here ... en weer in vers 15 waar daar geskryf staan: Volgens al hierdie woorde en volgens hierdie hele gesig, so het Natan met Dawid gespreek. Hy moes in volle eerlikheid gaan sê wat die Here gesê wil hê. En hy het dit presies so gedoen.

Daar is verskillende dinge wat die Here deur Natan vir Dawid laat weet.

- Die eerste is dat Dawid nie die beoogde tempel mag bou nie.
- Die tweede is dat Dawid sy geloofswaardes in orde moet kry.
- Daarom sny die Here reg in die begin van Natan se voordrag die denkbeeld by Dawid af dat die Here behoefte het aan ’n gebou om in te bly.

Die Here laat nie vir Hom besluit sodat Hy op hierdie manier van die wat Hom aanbid, afhanklik is nie.

- Dit is tipies van afgode dat hulle in geboue en in beelde gehuisves moet word.
- Die Here woon in die harte van sy volk se mense.
    - Dit is waarom die Here vir Dawid die geskiedenis oproep en daaraan herinner dat Hy nog nooit in ’n huis gewoon het van die dag af dat Hy Israel laat optrek uit Egipteland tot op die dag dat Natan moes gaan praat nie (vers 5).

Dit is belangrik om hierdie beginsel vas te vat:

- ’n Mens kan nie vir die Here besluit oor iets waaroor Hy nie self besluit het nie – nie eers oor hoe jy Hom wil aanbid nie.
- Die Here onderwerp Hom nie aan die grille van die koning nie – net sy bevel alleen bepaal wat Hy wil hê.
- Hy wou nog nooit ’n gebou gehad het om in te bly nie, en daarom, so sê Hy, het Hy ook nooit aan een van die rigters so ’n opdrag gegee nie.

Uit hierdie woorde van die Here is dit duidelik dat dit vir Dawid nie in die eerste plek daaroor gegaan het dat hy die Here wou aanbid met die tempel wat hy wou bou nie.

- Dit het vir hom bloot gegaan oor status – die Here behoort darem nie in so ’n nederige plekkie te bly as die koning in ’n sederhouthuis bly nie.
- Dawid het die Here se aardse blyplek met sy eie huis laat kompeteer. Hy het geredeneer dat daar iets aan gedoen behoort te word dat die Here ’n blyplek kry wat meer status het.

Waar het die fout gelê?

- Dawid het vergeet – of vir die oomblik nie daaraan gedink nie – dat die Here alomteenwoordig is.
- Hy het vergeet dat die Here juis ’n naby God is wat deur persoonlike gemeenskap omgaan met die wat Hom aanbid.
- Daarom wys die Here Dawid daarop dat Hy oral onder Israel rondgetrek het.
- Die Here is nie in die eerste plek gesteld op uiterlike status nie. Hy wil gedien word deur innerlike opregtheid.

Waarskynlik het Dawid vir die oomblik in homself te veel klem gelê op die besluitnemingskrag wat hy as koning het.

- Daarom openbaar die Here in vers 7 die groot afstand wat daar tussen Hom en Dawid is.
    - Hy is die Here van die Leërskare. Die Naam beteken: Die magte en wesens wat in die hemel der hemele en in die res van die skepping is, is almal aan Hom onderworpe.
    - Hy is die Magtigste en daarby die Oppermagtigste oor alle skepsele.

Teenoor hierdie ewige en Almagtige God staan Dawid. Hoe groot en magtig is Dawid?

- Eerste noem die Here hom sy “kneg”. Die woord het ’n dubbele betekenis, want in die eerste plek sien dit daarop dat Dawid die kneg van die Here is wat in diens van die Here is.
- Sy koningskap is die instrument waarmee die Here sy volk regeer.

Maar hierdie woord kneg is ook ’n Messiaanse woord wat in die Ou Testament gewoonlik profeties wys na die Groot Kneg van die Here wat aan die kom is:

- Jesus Christus – die Kneg wat in gehoorsaamheid aan die Here sy volk sou verlos en sy straf oor hierdie volk sou dra.
- Natuurlik word die woord kneg van Dawid gebruik. Hy was juis as oorlogskoning ’n tipe van Christus, want soos wat Dawid voortdurend in stryd was met sy vyande en hulle die een na die ander verslaan het, so was Christus in stryd met die Satan en sy magte, en het Hy hulle ook verslaan.

Dawid was nie vanself kneg, oorlogskoning en oorwinnaar nie.

- Die Here herinner Dawid daaraan dat hy in sy diepste wese maar net ’n skaapwagtertjie is.
- Die feit dat hy ’n koning (vors) van Israel is, is aan die Here te danke wat hom dit laat word het.
- Verder herinner die Here Dawid daaraan dat die Here al sy gevegte vir hom geveg het.

Wanneer ons die geskiedenis lees, kom ons telkens weer opnuut onder die indruk daarvan dat die Here Dawid se gevegte vir hom geveg het, want die Here het hom altyd vertel wat hy moes doen en wat nie. In elk geval was dit die Here wat elke keer die oorwinning gegee het – nie Dawid se eie gevegsvernuf nie.

Ons lees in 1 Kronieke 22:8 en 1 Kronieke 28:3 dat Dawid baie jare later vir Salomo gesê het dat die Here hom ook verbied het om die tempel te bou omdat hy oorloë gevoer het, en baie mense doodgemaak het.

2. Was alles daarmee verlore?
Die punt waaroor alles gaan, is dat die Here aan Dawid die wydheid van sy genade openbaar: ... die Here sal vir jou ’n huis stig.

Dit sluit aan by wat die Here aan die begin gesê het toe Hy Dawid daaraan herinner het dat Hy nie in ’n tempel bly soos die afgode nie.

- Die Here woon in die midde van sy volk. Hierdie volk is in die Here se hande.
- Daarom belowe die Here eerste van alles dat Hy vir hierdie volk nou rus gaan gee. Die Here gaan maak dat hulle vyande vir ’n tyd lank nie meer met hulle gaan veg nie: ... en kwaaddoeners sal hom nie meer mishandel soos vroeër nie (vers 9).
- Presies so het dit ook gebeur, want in Salomo se tyd is daar nooit oorlog gemaak nie.

Vir Dawid self het daar na hierdie tempelbou-kwessie nog ’n aantal oorloë oorgebly wat hy moes veg.

- Dit staan in vers 10: ...en Ek sal jou vyande verneder.
- Die volgende hoofstuk asook die hoofstukke in 2 Samuel (hoofstuk 7 en verder) vertel dan ook van nog ’n aantal oorloë wat Dawid geveg en oorwin het na hierdie gebeurtenis.
- Hierdie vrede was vir Israel iets totaal vreemds.

Dan begin die Here nader omskryf hoe hierdie seën van God nader na Dawid se eie lyf toe kom.

- Vers 11 konfronteer Dawid daarmee dat daar ’n dag sal kom wanneer die Here hom gaan laat sterf.
- Tog is dit ’n doodstyding sonder verskrikking, want die Here openbaar aan Dawid waar hy heengaan wanneer hy gaan sterf – hy sal na sy vaders toe gaan. Dit is maar ’n plastiese manier van sê dat hy na sy dood na die Here toe gaan.

Dan kom die heel belangrike aankondiging:

- Die Here gaan van Dawid se seuns een laat opstaan as koning. Die Here gaan sy koningskap bevestig tot in ewigheid.
- Dawid mag nie vir die Here ’n huis bou nie, maar hierdie seun gaan die een wees wat vir die Here ’n huis sal bou.
- Die Here belowe dat Hy Hom nie van hierdie seun af sal onttrek soos wat Hy Hom van Saul af onttrek het nie.
- Die Here het hierdie belofte gehou, want Salomo was geseënd tot aan die einde van sy lewe.

Natuurlik het Natan se profesie hier baie meer in gedagte as net Salomo wat later die tempel gebou het.

- Die huis waarvan die Here hier praat, is nie net die tempel wat in Jerusalem gestaan het nie –
    - dit sien baie verder as die tempel in Jerusalem. Dit sien op die koninkryk van die hiernamaals.
    - Daarom gaan die voorspelling ook by Salomo verby en sien uiteindelik tot by die Here Jesus Christus.

Die Here het altyd voorspel dat die Messias uit die geslag van Dawid gebore sou word. So verstaan ons die Here se woorde in vers 14:
Maar Ek sal hom laat bestaan in my huis en in my koninkryk tot in ewigheid, en sy troon sal vasstaan tot in ewigheid. (1 Kronieke 17:14 AFR1953)

Daar is net een Persoon wat regeer tot in ewigheid: Jesus Christus.

- In Jesus Christus het die Here sy belofte om vir Dawid, die mens, ’n huis te bou, waar gemaak.
- Dawid moes by die Here hoor dat hy as mens tot niks hoër as veewagterstatus kon styg nie.
- Tog het God hom koning gemaak sodat hy as koning die beeld van die komende Messias kon vertoon.
    - Die Messiasbeeld het daarin bestaan dat Dawid sy volk bevry het van alle magte wat hulle onderdruk het.
    - Dit was profeties van die bevryding wat elkeen van ons in Jesus Christus het. Hy het die hel en sy magte verslaan sodat ons in die vryheid van die koninkryk van God kan lewe.

Jesus het die profesie van Natan ’n ent verder geneem:

- Voor Hy weg is van die aarde af, het Hy baie duidelik vir sy dissipels gesê dat Hy gaan om vir ons plek te berei in die Vaderwoning.
- Die punt wat ons net goed moet vasgryp, is dat mens nie sommer net in daardie woning gaan instap nie.
- Dawid kon nie vir die Here ’n blyplek bou soos en wanneer hy lus gehad het nie.
- Daarom het die Here aan hom geopenbaar dat die situasie inderdaad presies die teenoorgestelde is – die Here bou vir hóm ’n woning.

In hierdie woning gaan jy in wanneer jou waardes ingestel is op totale gehoorsaamheid en aanbidding van die Drie-Enige God.

- Ons staan ook soos Dawid met die probleem dat ons insigte gebuig is en daarom baie keer verkeerd is en tekort skiet.
- En net soos Dawid maak die Here self vir ons die pad oop terug in sy genade in.
- Hy het sy Seun gestuur om gestraf te word vir ons sondes.
    - Hierdie Seun moes ook die Satan wat hierdie vlak insigte in mense veroorsaak, verslaan.
    - Hy het ons van sondaars wat voortdurend struikel in ons eiewilligheid af verander in kinders wat mag toetree tot die ewige Vaderhuis.

So het die huis wat vir Dawid belowe is, ook oor ons waar geword.

- Die Koningseun voorsien vir ons ’n huis wat inderdaad nie gemeet kan word aan aardse weelde nie, maar dit is ook nie sy bedoeling nie.
- Hy neem ons in ’n ewige tuiste waarin die heerlikheid en die heiligheid van God gevestig is.
- Daarom skryf die laaste Bybelboek dat die heerlikheid van God daar soos ’n ewige son oor ons skyn, en dat God daar alles in almal is.

Die Here bou die huis. Kom ons aanbid en dank Hom daarvoor met alles wat ons het.

Amen.
Slotgebed
Slotpsalm 68:9 (p. 334)
9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.

Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Die Here sal jou seën en jou behoed;
Die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.
Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Maart 2011